RANDJIE NUUS
27 JANUARIE 2012

2011 MATRIEKS SLAAG MET VLIEËNDE VAANDELS!

Dit is die vierde jaar dat die Verdere Onderwys en Opleidingsertifikaat soos deur Umalusi uitgereik, afgelê word. Hoërskool Randburg skryf 107 leerders in en almal slaag!

AKADEMIESE REKORD SEDERT 1996

Jaar	Kandi-date	Druipe-linge	Vry-stelling	% Vry-stelling	Aantal A-simbole	A-simbole per leerder	Individuele prestasies				
							9A's	8A's	7A's	6A's	5A's
1996	185	0	124	67.03	122	0.66				3	3
1997	179	1	93	51.96	123	0.69			1	3	5
1998	186	0	120	64.52	110	0.59				2	7
1999	212	0	121	57.08	135	0.64			3	2	2
2000	196	0	136	69.39	156	0.80			3	3	3
2001	231	0	179	77.49	274	1.19			1	3	8
2002	199	0	143	71.86	319	1.60		1	4	8	13
2003	197	0	117	59.39	282	1.43		1	5	8	4
2004	173	0	113	65.32	251	1.45		3	2	8	7
2005	171	0	112	65.50	286	1.67	1	2	7	8	6
2006	163	0	113	69.33	215	1.32			6	7	5
2007	175	2	120	68.57	170	0.97	1	0	4	5	3
2008	174	1	147	84.48	269	1.55	3	4	3	7	3
2009	154	0	124	80.52	262	1.70	0	2	5	5	8
2010	124	0	89	71.77	218	1.76	1	2	2	8	8
2011	107	0	77	71.96	141	1.32	2	1	1	3	2
TOTAAL	**2826**	**4**	**1928**	**68.22**	**3333**	**1.18**	**8**	**16**	**47**	**83**	**87**

Neem asseblief kennis dat Wiskunde Vraestel 3 as opsionele vraestel geskryf is en so aangedui word op die kandidate se uitslae. Hierdie vak word nie by die bepaling van die kandidaat se gemiddeldes of finale uitslag in berekening gebring nie. Ons teken dus net die onderskeidings as deel van ons verslag aan.

EN HIER IS DIE SLIMSTES VAN AL DIE SLIMMES!

9 ONDERSKEIDINGS

TANYA VAN EYK

Afrikaans Huistaal, Besigheidstudies, Ekonomie, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering, Rekenaartoepassingstegnologie, Rekeningkunde, Wiskunde, Wiskunde Vraestel 3

RETHA DE VILLIERS

Afrikaans Huistaal, Engels Huistaal, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe, Ontwerp, Rekenaartoepassingstegnologie, Wiskunde, Wiskunde Vraestel 3

8 ONDERSKEIDINGS

JÉAN BOTHA

Afrikaans Huistaal, Duits Tweede Addisionele Taal, Engels Huistaal, Fisiese Wetenskappe, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe, Rekenaartoepassingstegnologie, Wiskunde

7 ONDERSKEIDINGS

LOUIE KRITZINGER

Afrikaans Huistaal, Besigheidstudies, Engels Huistaal, Fisiese Wetenskappe, Ingenieursgrafika en –ontwerp, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe

6 ONDERSKEIDINGS

David Dreyer, Shannon van Heerden, Ninette Lotter

5 ONDERSKEIDINGS

Angelique Kleynhans, Marli Steyl

4 ONDERSKEIDINGS

Casper Crause, Charlene Quick, Johan Steyl, Ockert Viljoen, Heinrich Smit, Tina Steinmann, Deirdre Scheepers

Baie geluk en baie dankie aan een en elkeen van ons leerders!
Hoërskool Randburg is trots op julle!
Ons wens julle voorspoed toe en hoop om julle gereeld hier by die skool te sien.

DIS NIE NET DIE MATRIEKS WAT PRESTEER NIE: KYK NET HIER!

GRAAD-PRESTEERDERS (80% +) 4de KWARTAAL 2011

GR 8	GR 9	GR 10	GR 11
Ruan Spijkerman	Saramari Prins	Madelein Louw	Lelani Coetzee
André Jooste	André van der Merwe	Wilmari Badenhorst	Annerie Marx
André Meyer	Jancke Mentz	Kara Fourie	Jaco Jansen
Anya Nutt	Franco van den Berg	Susan Lategan	Riemer Joubert
Janine J van Rensburg	Louis Coetzee	Melani Robertson	Johan Langenhoven
Suzahn Kriel	Mathys Goosen	Kobus Pieters	Sophia Marx
Chané Hattingh	Juandré van Schalkwyk	Kyla Visser	Anél Prinsloo
Stefan Botha	Deirdre van Wyk	Bianca Jonker	Zoë Lombard
Paul Marx	Simone Walters	Karin Steinmann	Michelle Swanepoel
Carina Viljoen	Melissa Walters	Jonathan Long	Marnu Grobler
Kobus Engelbrecht	Graeme Lubbe	Kirsten Steyn	Zianet Potgieter
Sonja Marx	Corlia van Wyk	Cornel Esterhuyzen	Maxine Puren
Ruben Jacobs	Tiaan Swartz	Carene Mouton	Mari Labuschagne
Jana van der Merwe	Jessica Zaayman	Anri Joubert	Chivon Loubser
Natasha Henning	Alex du Plessis		
Armandt van Zyl	Francois Rossouw		
Annushka Kruger	Elmay Booysen		
Carla Werth	Annique Cilliers		
	Arno Coertze		
	Marida Kritzinger		
	Tinika Joubert		
	Danielle Marais		
	Elna van der Heever		

BAIE WELKOM!! Alle gr 8's, nuwe leerders en nuwe personeel

Die nuwe skooljaar het met groot opwinding begin toe die "onderdanige" gr. 8-leerders Hoërskool Randburg se "adellike" matrieks ontmoet.

Baie welkom aan al die gr 8's! Mag 2012 vir julle die begin van 'n nuwe, opwindende jaar en hoërskoolloopbaan wees.

Baie welkom ook aan alle ander nuwe leerders wat hierdie jaar by Hoërskool Randburg begin het. Mag julle gelukkig wees en ook vinnig deel word van die Randjie-familie.

Naam	Vorige Skool
Demi Heyneke	Vanderbijlpark Hoërskool
Garreth Nel	Hoërskool Brits
Kayla Botha	
Seymour Bothman	Hoërskool Montana
Adriaan de Lange	Home Schooling
Janique du Toit	Hoërskool Balfour
Niella van der Merwe	Hoërskool Frikkie Meyer
Michelle Horn	Afrikaans Hoër Meisieskool
Alethea du Toit	Hoërskool E G Jansen
Donovan Denysschen	Hoërskool Linden
Lizaan van Wyk	Hoërskool Frikkie Meyer
Sharné Rust	Parktown High for Girls
Jonny Harmse	Hoërskool Namakwaland
Athini Baduza	Hoërskool Upington
Alex Olivier	Hoërskool Bastion
Amelia Neveling	
Michelle Mocke	Hoërskool Florida

Naam	Vorige Skool
Gerrit Bezuidenhout	Hoërskool Eldoraigne
Miriam Johnson	Hoërskool Linden
Ruan Barnardo	Hoërskool Zwartkop
Jana de Lange	Home Schooling
Werner Mostert	Hoërskool Piet Potgieter
Lidia-Antoinette Beukman	Helpmekaar Kollege
Elisca Schourie	Hoërskool Linden
Annene Ferreira	Hoërskool Linden
Matthew van Wyk	Hoërskool Die Burger
Vonné Bushney	Hoërskool Roodepoort
Claudia Childs	Hoërskool Zwartkop
Armand Kruger	Helpmekaar Kollege
Maritza Frits	Hoërskool Noordheuwel
Ciska Rossouw	Nieu-Seeland
Vuyo Shongwe	Hoërskool Vorentoe
Hardus Viljoen	J J Adams

NUWE RANDJIE-PERSONEEL IS DIE ROOM VAN DIE OES!

ALMARIÉ VAN HUYSSTEEN – Opvoedkundige Sielkundige by die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid

In 2002 het ek my honneurs-graad in Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Daarna was ek vir vier jaar in die buiteland. Ek het in London skoolgehou en besef dat ek 'n passie het om een-tot-een met kinders te werk.

In 2009 het ek my meestersgraad in Opvoedkundige Sielkunde aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Ek was vir 18 maande in privaat praktyk in Linden. In 2010 het ek n geleentheid gekry om as Opvoedkundige Sielkundige by Jopie van Rooyen en Vennote te werk. Die waardevolle ervaring het my voorberei en toegerus met die nodige vaardighede om by Hoërskool Randburg as skoolsielkundige te werk.

Ek sien daarna uit om daagliks met kinders te werk en sodoende my passie uit te leef. My spesialiteitsvelde behels assesserings, beroepsleiding, terapie en ouer-kind-verhoudings.

ELZETH BOTHA – Wiskunde en Wetenskap

Ek is n gebore Kapenaar. Ek het grootgeword in Durbanville en gematrikuleer aan die Hoërskool Stellenberg. Na skool het ek 'n B.Ed-graad by die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Daarna het ek vir 6 maande Wiskunde gegee by my alma mater, Hoërskool Stellenberg en is toe vir 4 jaar London toe. In London het ek Wiskunde gegee by La Sainte Union Catholic School in Camden en die wêreld vol gereis, maar na alles, roep die tuisland maar die hardste en ek het in September 2011 teruggekeer om myself nou hier in Randburg te kom vestig om hier Wiskunde en Wetenskap vir gr 8 en 9 te onderrig. Ek is baie lief vir sport en is ook vanjaar betrokke by die O/15-netbal. Ek sien baie uit na 2012 – n jaar vol nuwe uitdagings en verrassings!

MARISA SNYMAN – Departement Afrikaans

Ek het in 1996 gematrikuleer aan die Nasionale Skool vir die Kunste in Braamfontein met musiek as hoofvak. Daarna het ek tale by die Randse Afrikaanse Universiteit studeer. Tot en met die einde van verlede jaar het ek by die Departement Linguistiek en Literatuurwetenskap by die Universiteit van Johannesburg doseer en ek is ook tans besig met my meestersgraad in Sosiolinguistiek. Ek is egter nie n vreemdeling in die onderwys nie en dit is n voorreg om weer te kan skoolhou. Ek het twee dogters en hulle is die middelpunt van my lewe. Ek sien daarna uit om al die Randjies te leer ken!

NADIA BESTER – Rekeningkunde en EBW

Ek is besig met my finale jaar in Onderwys. Ek studeer deeltyds op die beste kampus ... PUKKE! Oorspronklik kom ek van Middelburg, Mpumalanga af wat BAIE rustiger is as die stad. In my vryetyd is ek lief om te hardloop en om aan padwedlope deel te neem. My voogklas is gr 10C en ek gee vir gr.8's Rekeningkunde en vir die gr. 9's EBW. Ek sien baie uit na die nuwe pad wat voorlê en gaan alles met entoesiasme aanpak.

MIA VAN LILL

Ek het in 2000 aan Worcester Gimnasium gematrikuleer en daarna my B.Ed-graad verwerf aan die Kaapse Technikon in Wellington. Ek het Boland op die hokkieveld verteenwoordig van O/18-vlak tot seniors. Tans is ek 'n nasionale hokkieskeidsregter wat reeds twee internasionale wedstryde geblaas het, asook die Jeug Olimpiese Spele kwalifiseerder in Oos-Londen in 2010. Ek speel hokkie vir die Crusaders-span in die Suid-Gauteng liga. Ek het 'n swartbelt in karate en geniet dit baie op die sportveld en in die gimnasium. Ek het 'n groot passie vir die onderwys en die ontwikkeling van leerders tot hulle volle potensiaal. Ek is reeds 6 maande in Gauteng woonagtig.

LIANA BENDER – Department Afrikaans

Ek was werksaam by Hoërskool Randburg vanaf 2003 tot 2007. Aan die einde van 2007 het ons gesin na Christchurch, Nieu-Seeland verhuis. Na twee jaar in Nieu-Seeland het die verlange na Afrika-son ons teruggebring na Windhoek, waar ek 'n pos by Windhoek Gimnasium Privaatskool aanvaar het. Na vier jaar het ons gesin die kringloop voltooi en ek is nou terug by Hoërskool Randburg.

ERIKA HARTZER – Natuurwetenskappe

Ek is 23 jaar oud. Ek is getroud en het 'n 3-jarige seuntjie. Die vak wat ek by Hoërskool Randburg aanbied, is Natuurwetenskappe vir gr 9.

Ek het my onderwysgraad by die NWU Potchefstroom verwerf, maar doen hierdie jaar my finale jaar NGOS.

Die oomblik toe ek my voete op Hoërskool Randburg se terrein gesit het, het ek tuis gevoel. Ek sien geweldig uit na die jaar wat op ons wag en ek hoop dat elke kind wat by my gaan klas kry, die jaar saam met my sal geniet.

Dankie vir die voorreg om deel van julle skool te kan word. Ek sien uit daarna om julle almal te leer ken!!

CORLIA TEPPER – IGO

Ek is gebore in die noorde van Namibië en is die jongste in my gesin. Op driejarige ouderdom het my ouers na Steynsburg in die Oos Kaap getrek en bly nou nog daar. My skoolloopbaan het begin in Steynsburg en my hoerskooldae was in Burgersdorp. (Die hoërskool op ons dorp het doodgeloop, net betyds vir my om koshuis toe gestuur te word..).

Na skool is ek na Pretoria waar ek interieurontwerp geswot het, maar uiteindelik in die onderwys beland het. Na 'n paar jaar as onderwyser in Benoni en Pretoria het ek besluit om die kantoorlewe aan te durf as meganiese tekenaar.

My man werk as IT-konsultant in Sandton en daarom het ons besluit om in Randburg te kom bly en het ek die pos by Hoerskool Randburg aanvaar.

Ons word goed besig gehou deur ons drie skaaphondjies, fotografie en bergfietsry.

BAIE GELUK AAN OUDLEERDERS WAT RANDBURG SE VAANDEL STEEDS HOOG HOU!

Baie geluk aan die volgende oudleerders met die besondere prestasie om tot die studenteraad (SR), huiskomitee (HK) of akademiese vereniging (ASV) van die Noordwes-Universiteit (Potchefstoomkampus) verkies te word:

- Michelle Coetsee – Huiskomitee (Bellatrix)
- Melissa Engels – Onderprimaria (Klawerhof)
- George Bensusan – Huiskomitee (Villagers)

VSR VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD OF JUNIOR SF 2012

Klas	Seuns	Meisies	Klas	Seuns	Meisies
8A	Ruben vd Merwe	Chanté Stadler	9A	Ruben Jacobs	Danica vd Bergh
8B	Charl du Toit	Chanté Molentze	9B	Vuyo Shongwe	Olivia Mac Donnell
8C	Bjorn-Jé Hawkins	Natacha van Rooyen	9C	Michael Swanepoel	Janine J v Rensburg
8D	Quintin Strydom	Elouise Barnard	9D	Armandt van Zyl	Anya Nutt
8E	Erik Fourie	Monique van Tonder	9E	Paul Marx	Reze-Tiana Wessels
8F	Russel King	Natasha Strydom	9F	Neil Kruger	Jana vd Merwe
10A	Larry Lombard	Jancke Mentz	11A	Jonathan Long	Kara Fourie
10B	Franco vd Berg	Tinika Joubert	11B	Nico Welman	Simone Philips
10C	Juandré v Schalkwyk	Shamoné Nagel	11C	Martin Steyn	Kyla Visser
10D	Wade Philips	Annique Cilliers	11D	Christiaan Coetzee	Marlette Simpson
10E	Ruan Potgieter	Jessica Zaayman	11E	Cornel Esterhuyzen	Madelein Louw
10F	Tiaan Swartz	Saramari Prins	11F	André Ackerman	Chanelle Groenewald
12A	Emile Klingbiel	Charlotte Lisa			
12B	Pierre Steyn	Danielle de Swardt			
12C	Roelf Conradie	Esri Strauss			
12D	Clinton Strydom	Maxine Puren			
12E	Adrian v Kraayenburg	Yolandi Botha			
12F	Armand Theron	Bronwen Kilian			

GRAADVOOGDE

GRAAD 8		
A & B	C & D	E & F
Me Lynette Walters	Me Elize de Meillon	Me Corlia de Villiers
GRAAD 9		
A & B	C & D	E & F
Me Toelie Maritz	Me Annette Steenekamp	Me Almarie van Huyssteen
GRAAD 10		
A & B	C & D	E & F
Me Christine Mostert	Me Yvonne Coetzee	Mnr Piet Otto
GRAAD 11		
A & B	C & D	E & F
Dr Sandra de Bruin	Mnr Jannie van der Merwe	Me Lin Naudé
GRAAD 12		
A & B	C & D	E & F
Me Riana Janse van Vuuren	Me Ellenize Mans	Me Santi van den Berg

PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein in ry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die dienspad.

Fietse parkeer op die klein skietbaan onder die afdak. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid aanvaar nie.

Motorfietse parkeer op die klein skietbaan onder die afdak. Die koste vir parkering is R50 per kwartaal. Prosedure: jy betaal by die finanskantoor en bring dan die kwitansie na mnr. Dirker vir registrasie. Jy voorsien jou eie hekkontrole wat ook by mnr. Dirker ingestel word. Jou lisensie hoef nie vertoon te word nie en jy parkeer op eie risiko.

Motors parkeer op die ou skietbaan (matriekparkering). As jy parkeer, neem asseblief ander motoriste in ag. 'n Geldige bestuurslisensie moet getoon word en parkering geskied op eie risiko. Prosedure: R50 per kwartaal wat by die finanskantoor inbetaal word. Die kwitansie moet aan mnr. Dirker gegee word vir registrasie. Jy voorsien jou eie hekkontrole, wat mnr. Dirker sal instel.

Algemene reëls vir parkering:

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) word vir personeel gereserveer (SAU sentrum).

AFHAAL VAN LEERDERS WEENS SIEKTE OF AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

Die volgende prosedures geld en ouers word versoek om asseblief streng hierby te hou:

- Indien u, u kind weens 'n afspraak van watter aard ook al, by die skool moet kom haal, word u versoek om asseblief n brief te skryf (met die tyd wanneer en wie hom / haar by die skool afhaal duidelik daarop).
- Hierdie brief moet deur een van die adjunkhoofde (mnre Knoetze of Dirker) geteken word.
- Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en ontmoet die persoon wat hom / haar kom haal in die voorportaal waar n register geteken moet word. **Let wel:** Leerders sal nie oor die interkom uit klasse geroep word nie.
- Indien n leerker siek is, móét hy / sy na Ontvangs gaan waar me. Kruger die nodige sal doen.
- Leerders word versoek om asseblief nie self ouers te skakel nie.

HARMONY SA WISKUNDE OLIMPIADE

Die eerste rondte van die Olimpiade vind op Vrydag, 9 Maart by Hoërskool Randburg plaas. Die sperdatum vir inskrywings is Woensdag, 1 Februarie en die koste beloop R20 per inskrywing.

Leerders neem in twee groepe deel:

- Junior - gr. 8 & 9
- Senior - gr. 10 tot 12

Die eerste rondte bestaan uit 'n 1 uur-lange veelkeuse vraestel wat deur die onderwyser self nagesien word. Leerders wat 50% en meer behaal, dring deur na die tweede rondte wat op Woensdag, 23 Mei plaasvind.

Damestee



DATUM	:	Saterdag, 11 Februarie 2012
PLEK	:	Hoërskool Randburg
KOSTE	:	R120 per persoon
GASKUNSTENAARS	:	Lindie Strydom & ADAM
KONTAKPERSOON	:	Amanda Uys of Elbé Gouws 011 782 6226

PHANTOM of the OPERA

"Hierdie is 'n Vyfster-Phantom". Die Burger: "*If you are going to see only one show this decade, make it this one*." Cape Times: "*Great verve and spirit. The Phantom is mesmerising*." Cape Argus
Die skool het 'n blokbespreking van 300 kaartjies vir hierdie asemrowende en bekende opvoering. Bespreek so gou moontlik, want hierdie kaartjies gaan gou uitverkoop word!

Datum : Dinsdag, 21 Feb 2012
Tyd : 20:00
Plek : Teatro, Montecasino
Prys : R250 pp

Kontak Lynette Walters of Annette Steenekamp by die skool by 011 782 6226/7 of sport@hsrandburg.co.za) of skakel Dalene Oosthuysen (0823070257) om jou bespreking te verseker. Geld kan elektronies inbetaal word (meld net duidelik 'Phantom' en kind se naam). Indien kontant saam met leerder gestuur word, plaas asb in 'n duidelik gemerkte koevert. Net soos verlede jaar, gaan die wins van elke kaartjie direk na die klaskompetisie. Elke klas word weer in 2012 uitgedaag om R6000 in te samel!

Randjies nou op

Soek hierdie foto van Hoërskool Randburg ...

en gaan "like" asb Hoërskool Randburg se Facebookbladsy.

KLEREBANK

Mev Anneke Teklenburg wat die klerebank behartig, sal op Woensdagmiddae van 13:00 tot 14:15 in die klerebank wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop.

Ons rig ook graag 'n versoek aan alle ouers en oudleerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

SCHOOL COMMUNICATOR

Elke huishouding is van `n CD voorsien wat op persoonlike rekenaars gelaai kan word. Al die oudste en enigste leerders het `n CD gekry, maar tot op datum is slegs 262 geïnstalleer.

Ons rig `n versoek aan elke ouer / voog om die CD op u rekenaar te laai!

``MY SCHOOL''-KAARTE IS DIE IN DING!

Graag versoek ons dat alle ouers asseblief u "MY SCHOOL"-kaarte gebruik. Indien u nie oor so `n kaart beskik nie, is u welkom om aansoekvorms by ontvangs af te haal of hulle webtuiste te besoek.

RandjieGebedswag (Randjie-ouers & -onnies wat bid)

Kom bid saam vir ons kinders en die skool. Woensdagoggende om 07:30 in die Raadsaal.

Navrae – Heidi Botha by 082 378 7978.

``The Handbag Project''

Hierdie is 'n projek wat deur Jessica Foord, 'n verkragtingsslagoffer, begin is. Sy versamel ou of ongebruikte handsakke (wat steeds in 'n bruikbare toestand is) en plaas items wat deur die slagoffer benodig word daarin, omdat hul handsakke dikwels as bewysstukke geneem word.
Indien u handsakke wat u nie gebruik nie, by die huis het, kan u dit gerus saam met u kind skool toe stuur. Dit kan by me Uys in T8 ingehandig word. U bydraes sal hoog op prys gestel word!

Gedagte vir 2012

Psalm 91:2

U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou

Lief en Leed

Gedurende Desember is mev. Leonie van Straaten, wat vir jare as welsynwerker by ons skool betrokke was, oorlede. Ons medelye gaan aan Wim en die kinders. Leonie was 'n steunpilaar wat diep spore in baie mense se lewens agterlaat. Ons gaan haar baie mis.

JAMMER,

Ons vra verskoning dat 'n verkeerde foto in die jaarblad by Marika van Zyl (gr. 11B 2011) se naam geplaas is en dat Annerie Marx (gr. 11C 2011) se foto per ongeluk uitgelaat is.

RANDBURG-SPORT KRAAI KONING – HIER EN IN DIE BUITELAND!

SWEM, JANNIE, SWEM!!

Tradisioneel word die eerste Vrydag van die jaar gekenmerk deur die Interhuis Swemgala. Dit was nou weer vet pret! Baie dankie aan almal wat deelgeneem het en ook aan almal wat die geleentheid met musiek en manewales interessant en uniek gemaak het.

Ons het baie oulike, nuwe swemmers bygekry en daarom wil ons die volgende deelnemers gelukwens met prestasies en positiewe deelname!

Die volgende leerders het eerste en tweede plekke behaal:

Individuele Wisselslag – Junior Seuns
C du Toit, K Strydom

Individuele Wisselslag – Junior Dogters
O Mac Donnell

Individuele Wisselslag – Senior Seuns
T Swartz

Individuele Wisselslag – Senior Dogters
T Crafford, T Abrie, M Louw

50m Rugslag – Seuns o/14
C du Toit, C Blom, K Southan

50m Rugslag – Dogters o/14
J Louw, N de Frey

50m Rugslag – Seuns o/15
K Strydom, K Engelbrecht

50m Rugslag – Seuns o/16
M Goosen (rekord **32,89**), T Swartz (35:00)

50m Rugslag – Dogters o/17
T Crafford (rekord **33,80**), M Louw (40,63)

50m Borsslag – Dogters o/14
J Louw, N de Frey

50m Borsslag – Dogters o/16
M Horn, T Abrie

50m Borsslag – Seuns Oop
G Herbst, J Rosseau

50m Vlinderslag – Dogters o/14
J Louw, N de Frey

50m Vlinderslag – Seuns o/16
M Goosen (rekord **29,65**), T Swartz (32,84)

50m Vlinderslag – Seuns o/17
A Ackerman

50m Vryslag – Seuns o/14
C du Toit, D Venter

50m Vryslag – Seuns o/15
C Blom

50m Vryslag – Seuns o/16
T Swartz, B Low

50m Vryslag – Seuns o/17
B Lynch, G Herbst, R Conway

50m Vryslag – Seuns Oop
J Nagel, C Strydom

50m Rugslag – Dogters o/15
O Mac Donnell

50m Rugslag – Dogters o/16
T Abrie, L Cairns

50m Borsslag – Seuns o/14
C du Toit, D Venter

50m Borsslag – Seuns o/16
T Swartz, B Low

50m Borsslag – Dogters o/17
T Crafford, C du Toit

50m Vlinderslag – Seuns o/14
C du Toit, K Blom

50m Vlinderslag – Dogters o/15
O Mac Donnell

50m Vlinderslag – Dogters o/16
M Horn, T Abrie

50m Vlinderslag – Dogters o/17
C du Toit, M Louw

50m Vryslag – Dogters o/14
J Louw, M von Maltitz

50m Vryslag – Dogters o/15
O Mac Donnell, M Louw

50m Vryslag – Dogters o/16
T Crafford, T Abrie

50m Vryslag – Dogters o/17
I Schoeman, C Engelbrecht

- Die “Big splash” het ons laat besef 2012 is hier!

Randburg-ster skitter helder in Nigerië! Mooi so, Tammy!

Die negende Junior Afrika-swemkampioenskapsbyeenkoms is in Desember in Nigerië gehou. Daar het die Suid-Afrikaanse span 'n formidabele elf byeenkomsrekords opgestel. Tamlin Crafford, wat ook die kaptein van die span is, het twee goue medaljes by die totaal gevoeg. Dit was in die 100m- én die 50m-rugslag.

Randburg is met reg baie trots op jou, Tamlin. Ons weet sommer 2016 se Olimpiese Spele is 'n droom wat waar kan word.

Nogmaals baie geluk!

SKAAKMAT VIR KOBUS BY DIE SA's!

Kobus Engelbrecht het gedurende Desember 2011 aan die SA Kampioenskap in Port Elizabeth deelgeneem. Nie alleen het hy (as O/14-leerder) vir die O/16-Gauteng Wesspan gespeel nie, hy was ook kaptein van die span. Hulle het as span, vierde geëindig.

Ons Randjies is trots op jou, Kobus!

ANTON WYS WEER HÓÉ IN JUDO !!!

Anton Röscher het op 3 Desember 2011 by WITS aan die SA Judo Nasionale proewe deelgeneem. Hy behaal tydens die individuele gevegte die eerste plek in sy gewigsgroep. Anton word gekies vir die SA Nasionale Protea Judospan wat einde Januarie aan die Statebondkampioenskap in Cardiff, Wallis gaan deelneem.

Baie sterkte Anton – ons Randjies is trots op jou en weet jy gaan ons almal trots maak in Wallis!

EN TOE WYS STEPHNIE HÓÉ IN KARATE!

Baie geluk aan Stephanie van Niekerk wat einde verlede jaar 'n eerste- en derdeplek in Karate (Kata) tydens die Suid-Afrikaanse Nasionale Kampioenskap verwerf het. Dis voorwaar 'n puik prestasie!

NETBAL

Met groot opgewondenheid en vol entoesiasme het die netbalspeelsters vroeg-vroeg en reg vir aksie, opgedaag.

Ons het begin by die O/18's en O/17's en het amptelik begin afskop aan Randburg se netbal vir 2012. Daarna is ons aangenaam verras deur die O/16's en O/15's. Laastens het die O/14's aan die beurt gekom en hulle het die keurders goed besig gehou.

Baie dankie aan elke dogter wat aan die proewe kom deelneem het. Baie sterkte vir die komende seisoen!

Onthou dat ons hierdie jaar ’n BOOTCAMP-netbaltoer by die skool gaan hê en almal word uitgenooi om dit by te woon. Dit sal vanaf Vrydag, 30 Maart tot Maandag, 2 April plaasvind. Moet dit nie misloop nie!

INTERHUIS 2012 : 23 JANUARIE

Vir so vroeg in die jaar is daar uitstekende atletiek gesien. Die 20 nuwe rekords getuig daarvan en dit voorspel ’n opwindende seisoen. Die uitslae is as volg:

Spanne :

- Goudspan – 826 punte
- Blouspan – 722 punte
- Witspan – 660 punte

Victor en Victrix Ludorum :

- Junior Victrix Ludorum - Carla Werth
- Junior Victor Ludorum - Divan Bruwer
- Senior Victrix Ludorum - Helga-Wendy Bensusan
- Senior Victor Ludorum - Dylan Greyling

Rekords – Dogters :

Carla Werth	12,78 sek	100m	O/15
Carla Werth	5.10m	verspring	O/15
Jana van der Merwe	2.18.84	800m	O/15
Jana van der Merwe	62.00 sek	400m	O/15
Carina Viljoen	4,48	1500m	O/15
Helga-Wendy Bensusan	10.63M	Diskus	O/19
Elizna von Allemann	34,88m	Spiesgooi	O/14
Jana Basson	30,02m	Spiesgooi	O/15
Saramari Prins	18.39m	Spiesgooi	O/16
Kara Fourie	23,57m	Spiesgooi	O/17
Ane Swart	9,98m	Gewigstoot	O/15
Saramari Prins	8,87m	Gewigstoot	O/16
Tamlin Crafford	9,07m	Gewigstoot	O/17

Rekords – Seuns :

Divan Bruwer	37,07m	Spiesgooi	O/14
MP Hendriks	13.91sek	100 hekkies	O/15
MP Hendriks	41.87sek	300 hekkies	O/15
Franco van den Berg	15,80m	Gewigstoot	O/16
Franco van den Berg	43,80m	Spiesgooi	O/16
Dylan Greyling	11.00sek	100m	O/19
Dylan Greyling	14.70sek	110 hekkies	O/19

Mooi so, Dieter!!

(Dieter Schutte, Matriek 2011)

Aan die einde van my gr 10-jaar het ek al vir twee jaar in my vorige skool se eerste krieketspan gespeel en ek was reg vir 'n nuwe uitdaging. Vandaar my besluit om na Randburg te skuif.

Toe ek hier land, het ek gou besef dat die krieket by Hoërskool Randburg van uitstaande gehalte is. Ek wil graag my spanmaats en hul ouers van die afgelope 2 jaar bedank vir hul ondersteuning en veral vir mnr Piet Otto vir al die geleenthede wat hy my gegee het. Ek het baie by hom geleer.

Ek het die eindeksamen benoud ingegaan en gewonder of ek by die Tuks Krieketakademie toegelaat sal word. Ek het die heeltyd gebid en gevra dat ek dit sal kry en ek het! By die HPC in Pretoria gaan ek krieket slaap, eet en leef! 'n Mens word vir drie onderhoude genooi en hulle kies net 22 uit die honderde aansoeke wat hulle ontvang. Die eerste onderhoud is die FMA (Functional Movement Assessment) waar hulle kyk na jou postuur en jou liggaam. Die tweede onderhoud bestaan uit 'n sielkundige toets waar hulle jou houding, ens. toets. Die laaste onderhoud is die fisiese krieketgedeelte.

Hierdie geleentheid gaan ek beslis nie deur my vingers laat glip nie. Hou die media dop vir die volgende SA Krieketspeler en ek sal julle nie teleurstel nie.

Dankie aan almal wat nog altyd in my geglo het.
Dieter Schutte

DANSAKADEMIE

Hoërskool Randburg se Dansakademie is weer volstoom aan die gang. Klasse word na skool op die skoolgronde aangebied. Tae Polly is n gekwalifiseerde dansonderwyseres wat beide moderne dans en hip-hop aanbied. Seuns en meisies kan hierdie klasse bywoon en enige ouderdom is welkom.

Vir meer inligting, kontak taepolly@gmail.com of 082 421 0943.

RANDBURG SIGBAAR BY FONTIES-ATLETIEK

Op Saterdag, 21 Januarie het die Randjies weer gaan bemarking doen by Laerskool Fontainebleau se interhuis. Netjies uitgevat in ons skoolklere en rooi keppies het ons deur die hitte van die dag gewerk. Richard en Phillip hark verspringputte, Riemer en Johan werk vir die 5de agtereenvolgende jaar by die hoogspring en so help 'n besondere span kinders om die Laerskool te oortuig dat Randburg die beste bly. Dankie, aan elke leerder wat so getrou hul Saterdae opoffer om te kom help.

ADVERTENSIES

WISKUNDE SUKSES!!
Plaas u kind se toekoms in passievolle, geduldige, die mees ervare en die beste hande.

Naby die skool en eerste les VERNIET!

Charles- 076 663 7777

SPESIALE PRYS …

R50-00

KUSSINGS BESKIKBAAR BY ANNETTE STEENEKAMP IN DIE SPORTKANTOOR.

1-on-1 Tuition @ Home

- Trained, professional tutors
- All subjects & all grades in English or Afrikaans
- Experience the advantage of individual extra lessons
- Book your **FREE** assessment now!

Brett Volkwyn
Hire Education CC
www.hireeducation.co.za
086 12 88867
086 12 TUTOR

ENGLISH TEACHER – GRADE 10 to 12
Highly experienced, skilled teacher with excellent teaching methods. Tuition involves writing an listening skills, grammar and comprehension, all assistance needed with poetry and literature and any particular areas that need attention. Contact Diane de Beer on 082 294 2552.

AKKOMMODASIE TE HUUR
Kamer met eie badkamer te huur in 'n commune in Long Avenue, Ferndale. Groot woning met 7 kamers beskikbaar. Prys R2 500 / maand (W&E ingesluit) Kontak Annelie Swan by 011 792 8886

MANUELA'S KITCHEN

ITS 5 0'CLOCK AND YOU HAVE JUST FINISHED A LONG DAY'S WORK AND YOU JUST DON'T WANT TO FACE DINNER. LET ME PREPARE YOUR DINNER FOR YOU. ALL YOU DO IS POP IT IN THE OVEN AND SERVE YOUR FAMILY.

FROZEN MEALS AVAILABLE :

- BEEF LASAGNA
- PENNE WITH CHICKEN BREAST STRIPS IN A TOMATO SAUCE WITH PEAS
- CHICKEN STIRFRY
- SNITCHEL
- CORDON BLEU

FOR MORE VARIETY & PRICES PLEASE CONTACT
MANUELA
ON 072 461 8284

TOTALLY GARDENS

Have the "*TOTALLY*" peace of mind that your garden is being taken care of by the professionals.

LEARNING STRATEGIES INTERNATIONAL

Offers a Learning Strategies Course that guarantees results or you money back.
Contact Megan on 072 392 2293 or www.lsicollege.co.za

TUTORS @ YOUR SERVICE

We come to you. All tutors achieved distinctions in area of subject and are reliable and highly recommended. Primary and High School. All school subjects, including homework supervision. Excellent results.
Contact Mandy on 082 217 2077 / Theresa on 083 453 4792

Klavier Lesse

Bekostigbare uitmuntendheid

Lomé Robertson (B.Mus)

Professionele klavier lesse, teorie, harmonie, gehoor opleiding en ekstra klasse.

082 684 9732
lomerobertson@gmail.com

CONSTANTIA SKOOLDRAG

h/v Malibongwe en Rabiestraat – oorkant Hoërskool Randburg
(011) 791 1300

-Vir alle skooldrag en -benodigdhede-
-Groot reeks mode swemdrag en bykomstighede : Speedo, Billabong, Brite Reef, Jacqueline, ens.-
-Verskaffer van Ortopediese „TOTEM" tasse, Billabong en meer-
-Ons voorsien ook : Toughees, Buccaneer, Jonty's en Green Cross skoolskoene-
-Gr 8 en 9 skryfbehoeftepakke beskikbaar-
-Gr 10 – 12 skryfbehoeftepakke op aanvraag-

VERVOER BENODIG VANAF SKOOL

Na Honeydewridge. Bereid om brandstof te betaal.
Kontak Mariaan by 082 739 1747

VERVOER BENODIG

Vanaf CR Swart Rylaan, Sundowner na Laerskool Fontainebleau en Hoërskool Randburg. Bereid om brandstof te betaal.
Kontak Tannie Kate (Ouma) 071-286-2269 of Joulene (Ma) 083-579-4380

TRANSPORT NEEDED TO SCHOOL

Looking for a lift for Gr9 girl from school, to Sundowner/ Eagle Canyon area in the afternoons. Willing to share cost/contribute – OR Maybe I can take the kids in the morning if they are prepared to drop my daugter in afternoons. Any alternative can be discussed.
PLEASE CONTACT ROLENE 0834611720

ROSS HOWARD MUSIC

Offers lessons in piano, guitar, drums, vocals, violin, djembe drums from All Saints Centre (opposite Olivedale Clinic). Bank rehearsal space from February. Instrument sales.
Contact info@rosshowardmusic.com / 011 462 9949 / 083 233 6660

Are you musically inclined? Piano, Keyboard and Singing Training will develop your creativity and confidence. Give your younger child a headstart with Junior Music Lessons (from age 5).
For professional lessons in Bromhof
contact Amy Calf on 083 337 2702 / amymusic@iburst.co.za

EKSTRA WISKUNDE LESSE
GRAAD: 8 ~ 12

EK BIED OOK GESPESIALISEERDE HULP AAN leerlinge wat 'n 'A' simbool wil behaal of wil behou.

Twee hersiening sessies van 2 ure elk sal gedurende die eksamen, net voor die wiskunde vraestelle, beskikbaar wees aan leerlinge wat belangstel.

Ek bied ook klasse in Alpha wiskunde aan

SKAKEL: A. Taljaard by

082 4504256

VIR DIE YSKAS

Vrydag, 27 Januarie 2012 – Vrydag, 10 Februarie 2012

Vr. 27/01 **Atletiek:** vs Hugenote & Prestige College	**Sa. 28/01** **Krieket:** vs St Albans	**So. 29/01** **Krieket**	**Ma. 30/01** **Gr 8:** Groentjiekonsert Kleedrepetisie	**Di. 31/01** **Gr 8, 10 & 11:** Oueraand **Krieket:** vs Fourways	**Wo. 01/02** **Atletiek:** Aflosbyeenkoms **Krieket:** vs Fourwasy & St John's **Gr 8:** Groentjiekonsert	**Do. 02/02** **Toets 1** **Swem:** vs Randpark, Maragon, Dainfern, Krugerdorp **Krieket:** vs St John's **Gr 9 & 12:** Oueraand
Vr. 03/02 **Atletiek:** vs Wonderboom	**Sa. 04/02** **Krieket:** vs St John's	**So. 05/02**	**Ma. 06/02** **Toets 2**	**Di. 07/02** **Gr 8 – 11 van 2011:** Prysuitdeling	**Wo. 08/02** **Atletiek:** Noordheuwel Top 10 **Gr. 12:** Restaurantaand	**Do. 09/02** **Toets 3** **Swem:** vs Helpmekaar, Maragon & Hyde Park
Vr. 10/02 **Fotodag (individuele foto's)** **Atletiek:** Ruimsig Prestige						